5 Glenwoodweg/Road
Lynnwood Glen
0081 Pretoria
Suid-Afrika/South Africa

Posbus/PO Box 72981
Lynnwoodrif/Ridge 0040
Pretoria, Suid-Afrika/South Africa

Tel: +27 12 472 9516/18
Faks/Fax: +27 86 646 2680
E-pos/E-mail: genman@sansor.co.za
Webblad/Website: www.sansor.org

SUID-AFRIKAANSE NASIONALE SAADORGANISASIE

SOUTH AFRICAN NATIONAL SEED ORGANIZATION
NPC Reg No 1989/003392/08

(Please scroll down for English)

Aan alle Saadtoetslaboratoriums en lede betrokke by Sertifisering

Verw: 12/C
4 Julie 2014

OMSENDSKRYWE

AANDUIDING VAN MONSTERNEMER OP SAADTOETS ONTLEDINGSVERSLAE

Wanneer daar aansoek gedoen word vir die uitreiking van ’n Sertifikaat van Sertifisering, is een van die vereistes dat die aansoek (Voorlopige Sertifikaat) vergesel moet wees van ’n Verslag van Toets, Ondersoek of Ontleding van Saad vir die betrokke saadlot, en wat uitgereik is deur ’n **geregistreerde** Saadtoetslaboratorium. Hierdie vereiste is om dit vir SANSOR moontlik te maak om te bepaal of die betrokke saadlot aan al die fisiese vereistes vir sertifisering voldoen, soos voorgeskryf in die Suid-Afrikaanse Saadsertifiseringskema. ’n Verdere vereiste is dat die saadmonster waarop die ontleding gedoen is, deur die Gesag (dit sluit SANSOR-Gemagtigde Monsternemers in) geneem **moet** word. Ten einde SANSOR in staat stel om te bepaal of die betrokke saadmonster wel deur ‘n gemagtigtigde monsternemer geneem is, **moet** die monsternemer se naam en SANSOR Magtigingsnommer op die betrokke Ontledingsverslag aangedui word.

Neem asseblief kennis dat geen Ontledingsverslae vanaf **1 Augustus 2014** vir sertifiseringsdoeleindes aanvaar sal word indien die monsternemer se besonderhede nie daarop aangedui is nie.

Groete,



Eddie Goldschagg
TEGNIESE BESTUURDER
SANSOR

DIREKTEURE / DIRECTORS
GF Heyns (Voorsitter/Chairman), SL Allen, JK Coetzer, D Durandt, WT Engelbrecht, TN Kotzé

Full member of the International Seed Federation